# Familie Tuisblad

Vrouedag

## 1 Begin hier

Kan jy dink aan iets klein wat 'n groot verskil maak soos 'n knippie sout in 'n pot rys?

Op Vrouedag dink ons aan gewone vroue (in SA se geskiedenis) wat getrou was in die klein dinge en so 'n verskil gemaak het - vroue met geloof, vroue wat 'n stem was vir die wat onderdruk is en vroue wat vir armes gesorg het al het hulle self min gehad. Hierdie vroue herinner ons daaraan om getrou te wees al is ons invloed min.

## 2 Lees

**Jes 1:17, Luk 12:33-34 en Heb 11:1-3**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play: Apple iStore:

## 3 Gesels

- Vertel van 'n vrou wat vir jou 'n voorbeeld is van 'n gelowige wat 'n verskil maak.
- Watter sake het vroue in die verlede in Suid-Afrika uitgewys as verkeerdhede?
- Watter voorbeelde noem die tekste van hoe ons, ons geloof kan uitleef?
- Op watter maniere kan kinders ook vir ander wys hoe om in God te glo?

## 4 Bid

Bid vir vroue in ons land wat enkelouers is, in armoede leef of siek is. Bid ook vir vroue wat diskriminasie of mishandeling beleef.

## 5 Doen

Druk gerus die Vrouedag Uitdaging kaartjies uit en daag só mekaar uit om ook self hierdie week 'n verskil te maak.

https://dinkjeug.co.za/wp-content/uploads/2025/08/Vrouedag-uitdaging-1.pdf